WINTER-OESSKATTING

Kanola weer 'n wenner

KANOLA beloof om opnuut die blink ster in vanjaar se wintergewasverbouing te wees. Die Nasionale Oesskattingskomitee voorspel in sy tweede raming van wintergewasproduksie dat dié oes 147 250 ton kan beloop. Dit sal die grootste nóg en 7 750 ton meer as die eerste oesskatting van 'n maand gelede wees.

Die hektare-skatting is ook met 5 000 ha verhoog tot 'n totaal van 95 000 ha. Die verwagte opbrengs is 1,55 ton per ha.

Dié aanplantings is 'n derde meer as verlede jaar se 72 165 ha.

Daar is nietemin nog heelwat ruimte vir kanola-uitbreiding as na die totale invoer van olie en oliekoek gekyk word, sê mnr. Kellie Becker, besturende direkteur van die Swellendamse kanola-aanleg Soill. Volgens Graan SA se jongste ramings kan soja-invoer vanjaar 100 000 ton tot 200 000 ton beloop en sonneblom-invoer sowat 30 200 ton.

Wat koring betref, lyk dit of Vrystaatse boere meer geplant het as wat aanvanklik geskat is.

Die komitee het sy raming van Vrystaatse koring-hektare vanaf verlede maand se 60 000 ha tot 69 500 ha opgeskuif. Dit laat steeds die Vrystaat, met 'n verwagte 274 525 ton, in die derde plek ná die Wes-Kaap (met 914 500 ton) en die .Noord-Kaapse besproeiinggebiede (met 285 000 ton).

Die totale verwagte nasionale koringoes is 1,791 miljoen ton, teen 'n gemiddelde opbrengs van 3,76 ton per ha. Dit is minder as verlede jaar se 1,87 miljoen ton.

- MARLEEN SMITH